kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 509

Op berge en in dale
en oral is my God;
waar ons ook telkemale
mag swerwe, daar is God!
Waar ons gedagtes swewe
of styg, ook daar is God;
omlaag en hoog verhewe,
ja, oral is my God!

Roem, Christen, heel my lewe
is veilig in my God;
waar alles my begewe,
of waar ek ly, is God;
waar troue vriendehande
nie red nie, daar is God;
selfs in die dood se bande
ja, oral is my God!

Woorddiens

Tema: Eenvoud

Skriflesing: Lukas 10:1-11

Broodjies vir die pad

"What you are is God's gift to you, what you become is your gift to God."
— Hans Urs von Balthasar, Prayer

"I felt once more how simple and frugal a thing is happiness: a glass of wine, a roast chestnut, a wretched little brazier, the sound of the sea. Nothing else."
— Nikos Kazantzakis, Zorba the Greek

"This is my simple religion. There is no need for temples; no need for complicated philosophy. Our own brain, our own heart is our temple; the philosophy is kindness."
— Dalai Lama XIV, The Dalai Lama: A Policy of Kindness: An Anthology of Writings By and About the Dalai Lama

"It is not easy to convey a sense of wonder, let alone resurrection wonder, to another. It's the very nature of wonder to catch us off guard, to circumvent expectations and assumptions. Wonder can't be packaged, and it can't be worked up. It requires some sense of being there and some sense of engagement."
— Eugene H. Peterson

Die mistiek van 'n reünie: Ons is mos familie!

Wilhelm Jordaan

Gereeld lees of hoor 'n mens 'n familie-reünie word beplan, en volgens "reünie" se letterlike betekenis is dit dan mense wat begeer om weer "een" en "by mekaar" te wees. Soos dit lank gelede was.

Gewoonlik is dit die oueres wat die voortou neem. Só asof hulle in ryper ouderdom meer bewus is van 'n groot gemis.

Agterna word vertel hoe heerlik dit alles was: Waar die familiestamboomgenote (én die "ingetroudes" of "laslappies") ou familiestories en -waardes uitruil, deur "scrapbooks" en ou en nuwe foto-albums blaai, eindeloos giggel, skaterlag en trane stort oor onthou-jy-dit-onthou-jy-dat én familie uitlê totdat die ore genealogies tuit. Én, uiteraard, ou rusies wat wil-wil hervat.

Wat het sulke families wat maak dat hulle die gemis aan mekaar so intens beleef, terwyl vele ander net verstrooiing ken en nie juis die afwesigheid van familie betreur nie? Of waar familieskap uitloop op wreedheid, mishandeling, gruwelike liefdeloosheid?

Miskien het dit te doen met 'n diepliggende plekbewussyn. Familie is mos jou beginplek – 'n geborgenheid waarvandaan jy uitgaan na ander plekke, die wêreld in. En waarheen jy weer en weer wil terugkeer. Om opnuut te weet: Dié plek is onverwoesbaar myne.

Só word familie die mitiese vuurherd van warmte en nabyheid waar die groot menslike storie van liefde, sorg, agting, wysheid en respek al eeue lank oor en oor vertel en geleef word. Dit is die plek waar jou mensheid vorm kry by "die boom van sagte koelte en vuurherd teen elke koue nag", soos die digter Jan de Bruyn skryf.

Maar die vuurherd se aanrakende warmte en durende nágloed is nie vanselfsprekend nie. Weet van mekaar is die spilpunt van hegte familieskap. Dit gebeur deur navraag, foonoproepe, briewe, kaartjies, e-pos, SMS'e en WhatsApps, onverwagte kuiertjies én reünies – deur alles wat opregte betrokkenheid by mekaar bevestig.

Só gesien, behoort familieskap tot die misterie van die haas onsêbare verbondenheid tussen mense wat hulself "familie" noem.

Hieroor skryf die digter T.S. Eliot: "There's no vocabulary / For love within a family, / love that's lived in / But not looked at, love / within the light of which / All else is seen, the love within which / All other love finds speech. / This love is silent."

Dié woorde bevat die volheid van die mistiek van versorgende liefde wat familielede aan mekaar bind én toerus om die lewe buite die familie met waagmoed aan te durf. En om nuwe familieverbintenisse te vorm met die saamgevoegde, versamelde krag van ander families.

Vanuit dié verbondenheid kan almal wat hulself familie noem met verwondering deelneem aan die ontdekking en feesviering van familieskap. Wanneer familie so aan mekaar dink, gebeur daar iets besonders in die kosmos, wil mens glo: 'n Geringe siddering van energie wat alle herinneringe by mekaar bring. Tot reünie.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/die-mistiek-van-n-reunie-ons-is-mos-familie-20190703

"The only dream worth having is to dream that you will live while you are alive, and die only when you are dead. To love, to be loved. To never forget your own insignificance. To never get used to the unspeakable violence and vulgar disparity of the life around you. To seek joy in the saddest places. To pursue beauty to its lair. To never simplify what is complicated or complicate what is simple. To respect strength, never power. Above all to watch. To try and understand. To never look away. And never, never to forget."
— Arundhati Roy

Arundhati Roy is an Indian writer who is also an activist who focuses on issues related to social justice and economic inequality. She won the Booker Prize in 1997 for her novel, The God of Small Things, and has also written two screenplays and several collections of essays.
For her work as an activist she received the Cultural Freedom Prize awarded by the Lannan Foundation in 2002.

https://www.goodreads.com/author/show/6134.Arundhati_Roy

"Orthodoxy as right belief will cost us little; indeed, it will allow us to sit back with our Pharisaic doctrines, guarding the 'truth' with the purity of our interpretations. But orthodoxy, as believing in the right way, as bringing love to the world around us and within us … that will cost us everything. For to live by that sword, as we all know, is to die by it."
— Peter Rollins, How (Not) to Speak of God: Marks of the Emerging Church

"Possessions, outward success, publicity, luxury - to me these have always been contemptible. I believe that a simple and unassuming manner of life is best for everyone, best for both the body and the mind."
— Albert Einstein

"Everything science has taught me strengthens my belief in the continuity of our spiritual existence after death. I believe in an immortal soul. Science has proved that nothing disintegrates into nothingness. Life and soul, therefore, cannot disintegrate into nothingness, and so are immortal."
— Werner Von Braun

Brood vir die pad

Ons moet terug na die teater om dieper te kan kyk

RRV

'Ons mag dink ons is klaar met die verlede, maar die verlede is nog nie klaar met ons nie," skryf die Britse filosoof Simon Critchley in sy onlangse Tragedy, The Greeks, and Us.

In dié werk lewer Critchley 'n pleidooi om 'n groter bemoeienis met tragedie. "Terug na die teater," is daarom sy oproep. Dít is nodig omdat ons aan 'n soort vergeetagtigheid ly aangaande wat tot die hart van menswees behoort, deels as gevolg van die magdom inligting waarmee ons oorspoel word en die onverbiddelike spoed waarteen ons lewe.

In hierdie versnellende wêreld, waarin die gode van tegnologie boonop op kort termyn behoeftebevrediging belowe, is tragedie 'n manier om by wyse van spreke die noodrem aan te slaan.

Tragedie kan ons help om die misleidende denkwyses te weerstaan wat nie genoegsaam met die broosheid, verganklikheid en diepgang van die lewe erns maak nie. Deur tragedies te lees of daarna te kyk, word ons immers gekonfronteer deur die kante van onsself waarvan ons dikwels wegskram of wat in ons onderbewuste versteek geraak het.

Sodoende hou tragedies 'n spieël op wat ons 'n duideliker visie op die kompleksiteite en dubbelsinnighede van ons lewens bied.

In Griekse tragedies, byvoorbeeld, gee die held nie die oplossing vir die probleem nie, maar is die held self die probleem. Daar is dus nie sprake van goedkoop morele skemas wat op 'n oorvereenvoudigende wyse mense en handelinge in netjiese kategorieë van reg of verkeerd, goed of sleg verdeel nie.

Volgens Critchley dien tragedie dus as 'n ontmaskerende kritiek teen pogings om die werklikheid met idealistiese rooswater te besprinkel.

Maar, sou ons kon vra, bied tragedie – en drama in die algemeen – nie ook iets méér as hierdie waarskuwing nie? Met hierdie vraag in gedagte verwys Critchley na 'n openbare gesprek wat hy 'n aantal jare gelede met die Franse aktrise Isabelle Huppert na aanleiding van haar rol in die produksie gehad het.

In 'n stadium reageer Huppert, dalk as reaksie op sy filosofiese vrae: "Of course, what theatre is about is aliveness, a certain experience of alive-ness. That's all that matters. The rest is just ideas."

En vir Critchley vat hierdie woorde goed raak wat met ons kan gebeur as ons na tragedies kyk. Ons vertraag die pas sodat ons te midde van traumatiese verledes en komplekse morele en politieke realiteite dieper kan kyk na dit wat tot die hart behoort van wat dit beteken om te léwe.

Juis hiermee help goeie drama ons. En, kan ons byvoeg, goeie liturgie ook.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/ons-moet-terug-na-die-teater-om-dieper-te-kan-kyk-20190628

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Mag jou pad gelyk en reguit loop,
'n bries teen jou rug, jou hart vol hoop.
Mag die son jou siel verbly,
die reën sag sif oor jou land.
En, tot ons weer ontmoet,
hou God jou in Sy hand.
— Ou Ierse seëngebed (verwerk deur Marie de Kock)

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877